

Woensdag 21 April

Skrifgedeelte: Kolossense 1:1-8

Fokusgedeelte: Kolossense 1:1-8

Genadevrugte en -aksie

Paulus het van Epafras mooi dinge verneem oor die gelowiges in Kolosse. Hieroor kon hy God nie genoeg dank nie! Van hierdie dankbaarheid getuig hy ook teenoor die Kolossense.

Wat maak Paulus dan so diep dankbaar? Die evangelie het by hulle vrugte opgelewer en van hulle af verder versprei! Toe hulle God se genade gehoor en leer ken het, net soos dit werklik is, was die vrugte wat dit by hulle opgelewer het:

- GELOOF in Christus
- LIEFDE vir al die gelowiges
- Die stewige basis van hierdie geloof en liefde was die HOOP wat in hulle gelewe het – die vaste verwagting dat God ook verder al sy beloftes gaan vervul.

GELOOF, LIEFDE en HOOP – dit was die wonderlike VRUGTE! Die genade van die Here wat die Kolossense werklik leer ken het, het egter ook van hulle af verder versprei. Hulle het die evangelie met ander mense gaan deel, hulle het dit nie net vir hulleself gehou nie!

Sien jy, wanneer ons God se genade gehoor en reg leer ken het, doen dit iets in en aan ons! Dit lewer die VRUGTE van GELOOF, LIEFDE EN HOOP op. Is dit ook waar van jou lewe? Wys jou lewe dit? Dank ander mense die Here vir die geloof, liefde en hoop wat hulle by jou in aksie sien? Dink goed hieroor na en werk dit biddend vandag met die Here deur. Die Bybel sê verder: Waar die hart van vol is, loop die mond van oor (Luk. 6:45). Dit is ook waar van gelowiges. Vol van God se genade, word ons ook al meer verkondigers van God se genade. Aan wie wil die Here hê moet jy vandag God se genade en liefde in Jesus Christus gaan meedeel of gaan verduidelik? Bid vir duidelikheid hieroor en gaan doen dit dan vanuit 'n vol genade-hart.

Sing: Psalm 92-1:2, 7

Ds. BR Kingma (Reinder (Bellville-Oos))